# Gebedsbulletin
# No. 01 van 2026

## 04 Januarie 2026

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Tevrede en tot vrede in 2026

Om tevrede te wees, is onmoontlik … vir die meeste mense in elk geval. Die rede: Tevredenheid het in 'n verskuiwende teiken verander. Tevredenheid het sinoniem geraak met mense se eindelose behoeftes, of soos wat die Engelse sê, hulle "wants and needs." Solank as wat hulle dit wat hulle hart begeer, het, is hulle tevrede. As hulle dit nie het nie, is hulle ontevrede. Boonop verloor daardie dinge, waarop mense hulle eie idees van tevredenheid bou, spoedig hul tevredenheidswaarde. Skaars het mense daardie nuwe selfoon, kledingstuk of voertuig gekry, of 'n nuwer een trek alweer hulle aandag. Dan begin die siklus maar weer van vooraf: ontevrede, tevrede, ontevrede …

Tevredenheid is 'n verskuiwende teiken … totdat jy dit op 'n ander Plek ontdek. Jy vind dit, wanneer God jou vind. Jy vind dit wanneer jy aan Sy voete tot vrede kom. Om die Here regtig as die Bron van alle goedheid en lewe te leer ken, is om egte sielrus te vind. Sy vrede het niks te make met uiterlike behoeftes of omstandighede nie. God se vrede is nooit "wants and needs"-aangedrewe nie. Sy vrede én tevredenheid word deur die Heilige Gees bewaarheid. Hy sorg dat jy Jesus se nuwe lewe in oorvloed beleef. Die Gees maak Jesus se goedheid waar en ervaarbaar, ook hier aan die begin van die nuwe jaar. Hy bring rus te midde van al die uitdagings, wat in 2026 op ons elkeen wag.

***deur* Stephan Joubert**

## Gemeente – Algemeen

-Bid vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Johnny Viviers
Annie Brink
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Spokie Vorster
Juanita Rossouw
Marcel Holtzhausen
Tannie Nelie van Tonder
Oom Piet Pretorius
Janine Vorster
Adrie Carstens
Hettie Singleton
Jaap Naude
Suzette Claes




***Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .***
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan 'n houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




## VOORSPOEDIGE 2026

Ons wens elkeen in die gemeente 'n voorspoedige, geseënde 2026 toe! Mag dit 'n jaar vol vreugde, liefde en oorvloed wees. ✨ 🙏

***Deut.: 11:12***
Van nuwe jaarsdag tot oujaarsdag waak die HERE oor ons!!

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in